


*Glo soos 'n kind!*

*Die week se Nuuskrummels begin met pret, want ons kort pret en hoop en armsvol liefde. Staan vir 'n oomblik stil, gaan sit buite in die son en as dit reën, kyk na die druppels teen die venster. As jy kan, gaan sit op 'n bankie by die strand of stap. Haal asem...*

*As die golwe van Covid en die vlakke van verandering in vandag se lewe jou wil oorweldig, raak stil en haal asem, raak stil en glo weer soos 'n kind.*

*Soek die 7 verskille in die prent. Pret-aktiwiteit vir oud en jong, en meer spesifiek vir ons jongklomp*

## Vind 7 Verskille



Ek loop nou al 'n paar dae en herkou aan 'n ding. Die ding rondom hartseer en verlies. Die mens kan alles meet, ek weet hoe ver ek kan hardloop of nie hardloop voor ek gaan omval ... kilometer of meter. Ek weet hoeveel liter melk ek nodig het vir die week. Ek weeg myself in kilogram. Dit is net 3 grade buite en ek kry koud. As ek laat is breek ek die wet en ry vinniger as 60km/h.

Maar op watter skaal meet ek hartseer? Hoe koud is rou? Wat weeg seerkry? En hoe vinnig beweeg die pyn van verlies?

Rou is baie dinge wat gelyktydig plaasvind. Dit is diep hartseer, verlies en seer, vermeng met soek na hoop vir more, vasberadenheid. Om te probeer om 'n konkrete definisie op so 'n sterk emosie te plaas, ontnem die swaarkry mens die bevestiging wat hy benodig om daardeur te werk.

Ons almal ervaar verskillende vorme van verliese deur ons hele lewe en ons kies om die intense en oorweldigende gevoelens wat op verskillende maniere ontstaan, te oorwin. Daar is soveel soorte verliese, en dit is nooit maklik om dit te oorkom nie. Dit is belangrik om te verstaan dat almal anders met verlies omgaan en dat die gevoelens vir sommige langer kan wees. Verlies, rou en hartseer kan nie vergelyk word nie, dit is nie 'n kompetisie nie.

Ons moet vir mekaar die toestemming en die ruimte gee om elke een op sy eie hierdie onbeskryfbare, onmeetbare emosie van verlies of rou te leer saamdra. Want ek dink nie dit is iets wat sommer net op 'n dag opraak nie. Die seer verander, dit verander my, ek kry 'n nuwe identiteit, ek leer om dit anders te hanteer, dit lê dalk bietjie dieper, maar dit bly onlosmaaklik deel van my. Die hoe swaar ek daaraan dra, hoe ver ek sal moet loop en hoe baie liters tranes ek gaan huil dit is onmeetbaar en onvoorspelbaar.

Teks:

- Johannes 14: 27“Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.
- Psalm 147: 2Dit is die Here wat Jerusalem weer opbou, wat die verstrooides van Israel bymekaarbring. 3Hy genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde.
- Matteus 11: 28“Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.

Nadenke:

**Omdat die Here by my is, bekommer ek my nie. Wanneer ek moedeloos word, laat Hy my die lewe weer anders sien. 3Hy gee my die krag om elke dag reg te lewe. Soos 'n goeie gids lei Hy my elke dag om volgens sy wil te lewe. Almal in my lewe kan sien hoe belangrik God is.**

**4Selfs wanneer die lewe vir my so donker word dat ek nie weet watter kant toe nie, sal ek nie bang wees dat probleme my onderkry nie, want U is altyd by my. Dit troos my dat U my lei en beskerm. U laat my veilig voel. (Psalm 23 Die Boodskap)**

**Wat ons wel weet sonder twyfel, aan verlies dra ons nooit alleen nie. God is daar met elke asemteug. Dink aan daardie hartverskeurende snikke, die soeke na asem ... God se asem. Hy sal jou nie los nie. Jy hoef nie eers vas te hou nie, Hy sal jou dra, jy moet net vra.**

Gebed: Here ons wêreld is swanger van emosie, help ons dra asb, die las raak soms te swaar. Amen

## Nuus uit die Kerkkantoor

### Covid-19-vlak-3:

- Kantoorure : Maandag-Donderdag 09:00-14:00 en Vrydae 09:00-13:00
- Vroue-Bidgroep kom weer van Augustus af bymekaar.
- Gebedskursus kom eers in September weer bymekaar.
- Manne-Bidgroep het weer begin
- Lifeline Jeug begin Sondag 8 Augustus
- Kinderkerk – Lesse word per WhatsApp gestuur en is ook op die kerk se Webblad beskikbaar.

### EREDIENSTE

- Geen eredienste vir nou.
- Eredienste sal begin sodra die inperkings verslap en 100 en meer mense toegelaat word.
- Ds. Petrie se geestelike videoboodskap, asook sy geskrewe boodskap, is Vrydae op die kerk se webtuiste en Facebook-blad beskikbaar. Die video word ook op die kerk se WhatsApp groep en ook per SMS na lidmate gestuur.

### VOORBIDDING

- Ds. Petrie de Villiers vir sy boodskap.
- Ons bid vir beterskap en gesondheid vir Stephan Meyer en Annette, asook Hugo du Preez en gesin en ook vir Louis en Elmiën Koekemoer en gesin, wat tans isoleer en tuis aansterk. Julle is in ons gebede.

Indien jy 'n gebedsverzoek het, stuur dit asseblief na 0825605283 of na [admin@lourensriver.co.za](mailto:admin@lourensriver.co.za)  
Alle inligting word as privaat hanteer en slegs met toestemming, sal versoeke gedeel word in die Nuuskrummels en/of gebedslede. Jy kan jou versoek ook as "anoniem" \*\*\* stuur.

### POPI WET

#### Elke lidmaat moet asb 'n vorm voltooi en toestemming gee.

Kerke (en enige organisasie wat mense se inligting insamel) word verplig om skriftelike toestemming van lidmate te kry om hulle persoonlike inligting in te samel en veilig te bewaar, sodat slegs gemagtigde persone toegang het tot 'n persoon se persoonlike inligting.

Klik op die link om die vorm aanlyn te voltooi, of besoek die webblad vir die lidmaatskapvorm

<https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSe7weZgJybdv5CyfaCVh8m0vrK6jvFJeKL3UtbdCQgz-UD6MA/viewform?vc=0&c=0&w=1&flr=0>

## DANKOFFERS / BYDRAES

Jy kan ook jou dankoffer en bydraes vir die gemeente deur die **ZAPPER selfoon toepassing gee.**

Vir meer inligting of navrae:  
Charlene @ 021 853 5991

Lourensrivier Gemeente  
ABSA (Strand)  
Takkode: 334-312  
Reknr. 420 580 231  
Betalingsbewys asb.  
Aan: fin@lourensrivier.co.za



### ***Vakante Betrekking : NG Kerk Gordonsbaai***

Ons gemeente beskik oor 'n vakature vir 'n *Erediens koster* vanaf 1 September 2021.

Primêre pligte behels:

- Sondae alle eredienste (oop en toesluit / voorberei van gebou(e) / toesig), asook Goeie Vrydag, Hemelvaart, Pinkster, Kersdag.
- Huwelike / Begrafnisse / Funksies (oop en toesluit / voorberei van gebou / toesig).
- Hulp verleen by Gemeente funksies bv. Basaar en Hoenderbraai.
- Rekenaarvaardigheid 'n vereiste.

Vir meer inligting oor die vereistes en verantwoordelikhede van die posisie, kontak :

Sanette Strydom : [ngkgordonsbaai@absamail.co.za](mailto:ngkgordonsbaai@absamail.co.za)

Aansoeke sluit : 6 Augustus 2021

### **BERG-EN-SEEKLUB VIR SENIOR BURGERS:**

As gevolg van die durende Inperkings maatreëls en die onsekerheid oor persoonlike veiligheid ens., het die bestuur besluit om die **Byeenkoms** van 5 Augustus te **kanselleer**.

Sodra omstandighede meer genormaliseer het, sal ons u in kennis stel wanneer ons weer bymekaarkom.



# Ondersteun ons borge / Ondersteun plaaslik



**HBP**  
**HELDERBERG BUILD & PAINT**  
**STUART JACKSON**  
 082 872 6830 | info@hbpconstruction.co.za  
 www.hbpconstruction.co.za



**FIRE UP**  
 • BRAAI AND KAGGEL WOOD  
 • GARDEN REFUSE / RUBBLE REMOVAL  
**Andre 076 019 8279**  
**WE DELIVER**



**Your Property Consultant**  
**Renette Oosthuizen**  
 c +27 82 672 7950  
 e renette.oosthuizen@harcourts.co.za  
**Harcourts Platinum**



**JN POOLS**  
 & GENERAL MAINTENANCE  
 JEAN NAUDE: 082 559 6285  
 Fibreglass Refining | Core Drilling  
 Pool Installation | Pool Repairs  
 Water Saving | Paving  
 info@jnpools.co.za | www.jnpools.co.za



**Willie Strydom**  
 Trustee & Franchisee  
**Sasol Somerset West Trust**  
 c/a Broadway & Kynoch, Somerset West  
 PO Box 1520, Strand, 7139, South Africa  
 Tel: +27(0)21 852 3828  
 Fax: +27(0)21 852 3819  
 Cell: + 27(0)79 878 3155  
 willie.strydom@absamail.co.za



**MSA**  
**MARIUS STENEKAMP**  
 ATTORNEYS  
 Unit 2, Little Greece  
 George Str, Strand  
 P.O. Box 1170, Strand, 7139  
 Tel: 021 837 1235/6  
 Fax: 086 274 2003  
 Cell: 084 448 4429  
 marius@stencamp.co.za  
 www.stencamp.co.za

**Dr Wimpie Basson**  
 B. Ch. D. (Stall) • Pr. No. 5439752  
**Helderberg Dentists**  
 T 021 853 7201 F 021 854 4347 C 083 629 1672  
 E drbasson@iafrica.com www.helderbergdentists.co.za  
 Hoofweg 115 Main Road, Strand  
 PO Box 422, Strand 7139



**Karien Burke**  
 PHOTOGRAPHER  
 From Bump to Baby & Beyond  
 0720400614  
 info@karienburkephotography.co.za  
 www.karienburkephotography.co.za  
 Social Media @karienburkephotography

**Jou finansiële toekoms is...**

- Besigheidsbeplanning
- Boedelbeplanning
- Beleggingsadvies
- Persoonlike dekking
- Voorsiening vir aftrede
- Inkomstebeheer

Besoek ons ny Van Rynveldstraat 18, Strand.



**Willie Fourie**  
 Senior Finansiële Beplanner  
 021 853 2179 | 082 468 1099  
 admin@arcani.co.za

**Arcani Blouster**  
 Finansiële Adviesdienste  
 genoot by Sanlam



**NAILIT**  
 HANDYMAN SERVICES  
 • Painting  
 • Tiling  
 • Roof repairs  
 • Bathrooms  
**QUALITY WORKMANSHIP**  
**Pierre Oosthuizen**  
**072 929 4373**



**Flameros**  
 CHICKEN GRILL  
**021 854 7774**



**STRAND**  
**KWIKSPAR**  
 Goedehoop Centre | Off Broadway & Da Gama  
 Strand, 7140  
 T: 021 853 2095  
 F: 021 853 7674  
 E: strandspar@hotmail.com  
 www.spar.co.za



**bp helderberg**



BROADWAY 87  
STRAND

**021 854 7200**

**FF FTH ACCOUNTANTS**  
The name you can ACCOUNT on

**Floris Ter Haar**  
Professional Accountant (SA)



Tel: 021 853 4266  
Cell: 082 741 7076  
Fax: 088 021 854 5741  
E-mail: floris@fthacc.co.za

20 Conradie Street  
Strand, 7140  
Skype: fterhaar

JC VORSTER 065 816 9617

**HEARING CARE**

*for better hearing*

- Medical aid rates • Easy parking access
- Hearing Tests • Hearing aids • Batteries
- Noise / water / sleep protection earplugs
- Quotations on repairs and new hearing aids

*and professional audiology services*

Spar/ Gaede Hoop Centre, Broadway Blvd. & Da Gama Street, Strand, Shop 4




PRIVATE BAG X8 | 11 PASTORIE STREET | BELLVILLE 7535  
PRIVAATSAK X8 | PASTORIE STRAAT 11 | BELLVILLE 7535  
WESTERN CAPE | SOUTH AFRICA  
WES-KAAP | SUID-AFRIKA  
TEL: +27 21 957 7130 | FAX/FAKS: +27 86 524 1182  
EMAIL/EPOS: info@badisa.org.za  
WEBSITE/WEBTUISTE: www.badisa.org.za

27 Julie 2021

Geagte Gemeente

## BADISA Sê DANKIE

Baie dankie vir u kollektes gemaak ten bate van Badisa. Ons waardeer die bydrae wat u gemaak het in 'n tyd waar die Covid-19 pandemie baie eise aan almal stel.

As nie-winsgewende organisasie wat maatskaplike dienste lewer, ervaar ons dat bronne al minder word en die sosiale nood al hoe groter. Ons is egter steeds hoopvol en gevul met dankbaarheid oor al die ondersteuning wat ons kry wat ons instaat stel om dienste aan mense in nood te lewer. Saam maak ons 'n impak op die sosiale landskap van Suid-Afrika.

Te midde van die pandemie, het ons die afgelope maand 'n virtuele dans-kompetisie gehou vir ons programme wat dienste aan ouer persone lewer. Dit het gesorg vir baie pret en ons kon die waarde van beweging in veroudering hiermee beklemtoon. Indien u die video's gemis het, volg gerus die skakel <https://www.youtube.com/watch?v=8viCZAbbUxU>.

Ons het Mandela-dag op 18 Julie gevier. Hier volg een van sy mooiste aanhalings:

*"When a man has done what he considers to be his duty to his people and his country, he can rest in peace. I believe I have made that effort and that is, therefore, why I will sleep for the eternity." - Nelson Mandela*

Vriendelike groete

*AN Be Zuidenhout*  
ANNEMARIE BEZUIDENHOUT  
DIREKTEUR: BEMARKING, KOMMUNIKASIE EN FONDSWERWING



# Kinderkerk : God toets Abraham se Liefde

Bybel vir Kinders  
bied aan

## God Toets Abraham se Liefde



Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Byron Unger; Lazarus  
Alastair P.

Aangepas deur: M. Maillot; Tammy S.

Vertaal deur: Yvonne Kriel

Vervaardig deur: Bible for Children  
[www.M1914.org](http://www.M1914.org)

©2020 Bible for Children, Inc.

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieer en te  
druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Een Nag gee  
God vir Abraham 'n  
eienaardige opdrag.  
Dit was 'n toets om  
te sien of Abraham  
sy seun Isak liever  
het as God.



"Neem jou seun Isak en gaan  
offer hom as 'n brandoffer"  
se God. Offer Isak?  
Sy seun prysgee?  
Dit was baie moeilik  
vir Abraham. Hy  
was baie lief vir  
sy seun.



Maar Abraham het geleer  
om God te vertrou al het  
hy nie verstaan nie. In  
die oggend het hulle na die  
berg gegaan om te offer, met  
Isak en twee  
knegte.



Voor hul vertrek  
het Abraham die  
hout gekap om vuur  
te kan maak vir die  
brandoffer. Abraham  
sou gehoorsaam wees  
aan God.



Drie dae later het hulle  
naby die berg gekom. "Bly  
hier," het Abraham aan sy  
knegte gesê. "Ons sal gaan  
om te aanbid en dan  
terugkom na



julle." Isak het  
die hout gedra;  
Abraham het  
die vuur en die  
mes gedra.

"Waar is die lam vir  
die brandoffer?" het  
Isak gevra. "God sal vir  
Homself die lam voorsien,"  
het Abraham gesê.







Die twee het op die presiese plek aangekom wat God gekies het. Daar het Abraham 'n altaar gebou en die hout gepak om die offer aan God te bring.



Abraham het al baie altare gebou. Beslis was hierdie een die moeilikste een wat hy nog gebou het.



Abraham het Isak vasgebind en het sy geliefde seun op die altaar geplaas. Was Abraham regtig van plan om God gehoorsaam te wees en sy geliefde seun Isak, sy enigste te offer.



Jal! Die mes lem glinster as Abraham dit omhoog lig. Sy hart is gebreek, maar hy weet hy moet gehoorsaam wees aan God.



"STOPI!" skree die Engel van God. "Nou weet Ek dat jy God vrees. Jy het nie jou seun, jou enigste seun van My teruggehou nie."



Abraham sien toe 'n ram in die bosse, hy het Isak losgemaak en die ram geoffer. Miskien het Isak gedink, "God het voorsien, net soos my vader gesê het."



Terwyl pa en seun aanbid, het die Engel van God met Abraham gepraat. "Deur jou kinders sal alle nasies geseënd wees omdat jy gehoorsaam was." Jesus is gebore uit die nageslag van Abraham.



Abraham en Isak het terug gegaan huistoe. 'n Ruk later was daar groot hartseer, Sara het gesterwe. Abraham het sy vrou verloor en Isak sy moeder.



Na die begrafnis het Abraham sy hoof knek gestuur om vir Isak n vrou te gaan soek.



Die dienskneg het na hul vorige tuisland gegaan om 'n vrou te kry tussen Abraham se familie.



Die dienskneg het God gevra vir 'n teken. "Laat die dogter wat vir my kamele water aanbied die regte een wees vir Isak." Rebekka het dadelik aangebied om vir hulle water te gee. Sy was een van Abraham se familie. Die dienskneg het geweet God het sy gebed verhoor.



Rebekka het haar familie verlaat om met Isak te trou. Sy het hom vertrous na sy moeder se afsterwe. Isak was so lief vir haar!



God Toets Abraham se Liefde

'n Storie uit God se woord, die Bybel,  
soos gevind in  
Genesis 22 - 24

"Die lees van die Woord gee lig."  
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:  
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16

8 DAE | 8 MARATONS | 1 PELGRIM | VERSKEIE VOORDELE

16 to 23 Oktober 2021, Stellenbosch tot Agulhas

Die veteraan atleet, Christo van der Berg, het kragte gesmee met Solidariteit Helpende Hand se Wes-Kaapstreek, om verskeie kinders in die Wes-Kaap (#WesternCape) te voed.

Christo gaan tydens die epiese tog, by verskeie klein dorpie aandoen en met plaaslike inwoners, skole en kerke gesels om die uitdagings wat hul eerstehands ervaar, te verstaan en te kyk hoe om die situasie te hanteer en te help.

Die aksie is ook 'n bewusmakingsveldtog vir #HelpendeHand.

Volg hom gerus op sy pad en die voorbereiding na die groot geleentheid.



ERKENNING/BRON: Run For Hope Pilgrimage @runforhopepilgrimage ·

Kyk gerus na die video:

<https://www.facebook.com/watch/?v=957671524802729>